Die Groot Storie

‘n Oorsig oor die Bybel

Deel 4 | Die Gedeeltelike Koninkryk

Genesis 12 – 2 Kronieke

Notas

1. God se mense: Genesis 12 – Eksodus 18

Die belofte

Gen 12:2: “Ek sal jou 'n groot nasie maak…”

Die gedeeltelike vervulling

Genesis: Abraham en Isak

Sara = onvrugbaar > maak ‘n plan met Hagar > Ishmael

Abraham moet leer = Evangelie net deur God en nie deur eie planne nie (vgl Ef 2:8,9)

Nou vra God dat hy Isak moet offer = Abraham vertrou God se beloftes en doen dit (Heb 11:17-19)

Dws: Vertrou Evangelie Beloftes ondanks Omstandighede

Genesis: Jakob en Esau

Rebekka > Jakob en Esau > Jakob beteken ‘Swendelaar’ of ‘deciever’ > maar God kies mense nie omdat hulle goed is nie, selfs die met ‘n swak karakter.

Vergelyk Uitverkiesing Rom 9:11 en nie eie meriete

Genesis: Josef

Jakob > 12 Seuns > Josef

Jakob moet wonder: Wat doen God? Jaloers>vang>verkoop>tronk>Prime Minister Egypt > Sien Broers

Gen 50:19-20 > God ‘overules’ om seker te maak Evangelie beloftes word vervul

Eksodus: “Ek is wat ek is”

Volk is Slawe > God bewys Genade – Eks 2:23-25

Eks 3:14 > YHWH > Ek is wat ek is , wat ek doen

God sê: As jy my wil leer ken, watch my. Sien wat ek doen deur die loop van geskiedenis.

Eksodus: Verlossing deur vervanging

Paaslam verlos Israel van 10de plaag > ‘Passover’ – kyk Eks 12:23 > Joh 1:29 > 1 Kor 5:7

Eksodus: Verlossing deur verowering

God se mense:
Nog nie beloofde land > gaan eers na Sinai Berg > Ontmoet God > Ek 19:4
Eers Red > Dan Verwagtings/wet > Dan Naby Hom in Tabernakel (amper so naby soos vroeër in Eden)

2. God se regering en seën: Eksodus 19 - Levitikus

Die belofte
Gen 12:2: "Ek sal jou seën…"

Die gedeeltelike vervulling
Gehoorsaamheid >het gelei tot seën vir Adam en Eva
Op dieselfde manier moet Israel nou eers onder God se wet inkom (Eks 20) voordat hulle die seën van sy teenwoordigheid kan beleef
Verwerping van hierdie wet lei tot vloek en dood
Gehoorsaamheid lei tot seën en lewe

Eksodus 19 ev : God se wet
Die Genade is om 'n lidmaat van die verbond te wees opgrond van God se aanneming van jou (en nie jou gehoorsaamheid nie)
Gehoorsaamheid lei tot seën in die verbond en nie tot lidmaatskap van die verbond nie.
Heilig want ek is heilig

Eksodus 25 ev: God se teenwoordigheid
Eers as die volk onder die wet is kan hulle God ontmoet.
Beskrywing > ark > gerubs > vlerke > ontmoet Ek 25:22
Eks 40:34-38 > sy glorie is by hulle

Levitikus: Offers
Probleem = Sondige mense by heilige God
Offers = oplossing
Bloed = lewe Lev 17:11
Sondebok

'n Beter offer
Tabernakel – nie naby God – een man, eenmaal jaar
Jesus = perfekte offer > gordyn skeur (Heb 10:19-20)

3. God se plek: Numeri - Joshua

Die belofte
Gen 12:7: "Toe het die Here aan Abram verskyn en vir hom gesê: "Aan jou nageslag gee Ek hierdie land."

Die gedeeltelike vervulling
Numeri: Ongehoorsaamheid en uitstel
God se mense onder God se regering en seën maar nog geen land
Dan sien hulle kanaan maar is te bang om dit te vat (Num 14:3)
Kaleb en Joshua is nie bang nie - 14:9 > sterf nie en gaan in land in
Waarskuwing 1 Kor 10:6

Deuteronomium: Seën en vloek
Deut 28:1 en 15. As hulle gehoorsaam is = seën, anders vloek
Wat gaan hulle doen? Die land inneem en gehoorsaam wees of ongehoorsaam en vervloek?

Joshua: Die verowering
Hulle neem die land in onder Joshua. (Moses pleit by hulle om dit nie te 'blow' deur ongehoorsaam te wees nie)
Deut 9:4-5 sê hoekom God hulle almal moet doodmaak.
In Jos 21:43-45 eindig dit op 'n hoë noot – hulle het die land
Die boek eindig met 'n waarskuwing: 23:12-13

4. God se koning: Rigters – 2 Kronieke

Nuwe punt: Hulle is God se mense, hulle het God by hulle en ervaar dus sy seën, hulle het ‘n land – maar hulle het nie ‘n koning nie. (God is eintlik hulle Koning maar hulle soek een soos die res)

Die belofte

Gen 12:3 “*In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.”*

Deut 17:14 – 20: “"Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God vir jou sal gee, en jy dit in besit geneem het en daarin woon, sal jy sê: 'Ek wil 'n koning oor my aanstel. Elke nasie in my omgewing het 'n koning.'

Stel dan tog die koning aan vir wie die Here jou God kies. …"Wanneer hy as koning oor sy ryk regeer, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet maak. …

Hy moet die afskrif by hom hou en sy lewe lank moet hy dit gereeld lees sodat hy kan leer om die Here sy God te dien deur gehoorsaam te wees aan alles in hierdie wet en om volgens al hierdie voorskrifte te lewe.

Die gedeeltelike vervulling

Rigters: ‘n siklus van sonde, straf en genade

Tyd sonder ‘n koning.

Hulle val die heeltyd in sonde, word gestraf en word dan deur ‘n Rigter gered.

Rut: dieselfde siklus – net in Rut en Naomi se lewens

1 Samuel: ‘n False Wegspring - Saul

Kry koning – net nie die regte een nie.

2 Samuel: ‘n Beter wegsrping – David

Kry ‘n koning – ‘n man naby aan God se hart.

Hy maak droog maar God se Gees bly op hom omdat God hom gekies het.

Hy neem die volk tot op hulle hoogtepunt en hulle ervaar ‘rus’ van hulle vyande onder hom.

1 Konings: Die toppunt van die ryk – Salomo

Hier is die gedeeltelike vervulling van al die beloftes op ‘n hoogte punt.

Mense, Land, Regering + seën en ‘n koning.

Maar dan kom die moeilikheid… weer

1 Konings 12 – 2 Kronieke: Moeilikeid
Salomo se seuns is die gevolg dat die ryk in twee deel.
Noord: Israel met 10/12 stamme, hoofstad Sigem en later Samaria. Weggevoer in ballingskap deur Assiriërs – 722 vC
Suid: Juda met 2/12 stamme, hoofstad Jerusalem. Weggevoer deur Babilonië – 587vC

Gesels: Die gedeeltelike koninkryk

Lees 2 Samuel 7:1-17

Wat wil Dawid bou (v 1-2)?

Wat wil God bou (v 4 - 7)?

Wat het God alreeds vir Dawid gedoen (v 8)?

Wat belowe Hy om in die toekoms te doen (v 9 – 11)?

Hoor jy iets van die beloftes aan Abraham (Gen 12:1-3) in die beloftes aan Dawid?

Wat belowe God ten opsigte van die Koning wat kom (v 12 – 16)?

Hoe vervul Jesus die beloftes (Sien Matt 1:1, Mark 12:35-37, Joh 2:18-22; Hand 2:24-36; Rom 1:1-4)

Watter implikasies het dit vir ons verstaan van Jesus?

Watter implikasies het dit vir ons verhouding met Jesus?

Die Gedeeltelike Koninkryk

God se mense	God se plek	God se regering en sy seën